

Tuinlewe

Winter is 'n uitstekende tyd om nuwe bome aan te plant, vertel **LARA MARITZ**.

Doen jou deel . . . plant 'n boom

DIE koel weer gee die boom 'n kans om homself 'n bietjie te vestig voordat die nuwe groeiseisoen in September begin.

Sodra die weer 'n bietjie warmer word kan jou nuutgeplante bome dan sommer lekker vinnig wegspring en alle voordeel uit die aanbreek van die nuwe seisoen trek.

Dit is kommerwekkend om te sien hoeveel nuwe huise en meenthuise opgaan sonder dat daar eers een boom geplant word en gewoonlik word daar boonop 'n hele klomp afgekap om plek te maak vir die bouery. Nou waarom al die lawaai oor bome plant? Dink jouself 'n lewe in in ons mooie Suid-Afrika sonder bome . . . net rye en rye baksteengeboue – 'n harde sementomgewing!


Niks vir die voëltjies om in nes te maak nie, niks vir die kinders om te klim nie, geen skaduwee vir 'n lekker Sondagpiekniek nie!

Dink net 'n bietjie na oor watter uitwerking bome op die natuur het. Bome stel suurstof vry waarsonder nie een van ons op moederaarde kan oorleef nie. Hulle help om besoedelde lug te suiwer, bome absorbeer geraas en hulle verskaf blyplek aan voëltjies, reptiele en allerhande insekte wat nodig is vir 'n gebalanseerde eko-sisteem.

Nou wat doen 'n boom vir jou tuin? Bome gee 'n tuin (en huis) karakter en is dikwels die hooffokus waarom die res van die tuin gevorm en ontwikkel word.

Baie mense maak die fout om eers tuin te maak en dan later 'n boom te plant. Die probleem hiermee is dat jy dan gewoonlik die hele uitleg moet verander as gevolg van die mikroklimaat van jou tuin wat dan verander.

Doen hierdie winter jou deel en



'n Boom gee soveel meer karakter aan jou huis en tuin.

kyk waar jy 'n boom of twee of sommer drie kan plant.

Nie almal van ons is so gelukkig om sommer lekker baie spasie tot ons beskikking te hê nie.

Indien jou spasie beperk is, oorweeg miskien 'n mooi suurlemoen- of olyfboom – hulle vat lekker min spasie.

Hier is 'n paar belangrike aspekte om in gedagte te hou voordat jy nuwe bome aankoop – onthou vir foute betaal ons later met moeite, tyd en geld:

■ Doen navorsing oor die finale grootte van die boom om seker te maak dat hy geskik is vir die grootte van jou tuin en nie miskien jou hele erf gaan oordonder nie.

■ Kry inligting oor die soort wortelstelsel. Sekere bome het vreeslike sterk wortels en kan ná 'n paar

jaar groot skade aan mure, swembaddens en plaveisel aanrig.

■ Maak seker dat die boom geskik is vir die area waar jy woon . . . veral tuiniers wat reg teen die kus bly moet hul huiswerk doen. Maak 'n draai by 'n tuinsentrum vir goeie raad.

■ Let op waar skaduwees gaan val in die wintermaande om seker te maak dat jou patio en leefarea nie in 'n koue donkerte gedompel sal wees nie. Hier moet 'n mens kyk of bladwisselende bome dalk 'n beter opsie is. Baie mense hou nie van bladwisselende bome nie oor die blare wat hulle afgooi, maar moenie dat 'n bietjie blare jou afskrik nie – dit gebeur net een maal per jaar en jy kan hulle sommer op die komposhoop gooi. ■ Indien jy naby 'n swembad plant,



Kinders speel ook lekker in bome.

wees versigtig vir bome met bessies. Dit beland gewoonlik in die swembad en kan vir jou baie werk maak.

Vorbereiding

Net soos met enige ander plante is goeie grondvoorbereiding baie belangrik voordat jy jou nuwe boom plant.

Onthou, hoe beter die grond hoe beter sal die boom groei.

Grawe 'n gat wat ten minste 60 cm x 60 cm groot is en gooi die grond wat uit die gat uit kom eenkant op 'n hoop.

Meng 'n sak Culterra-kompos met die grond wat jy uit die gat gehaal het en gooi van die grondmengsel terug in die gat totdat jy die verlangde diepte kry.

Maak die grond nat en laat dit toe om 'n bietjie in te sak.

Gooi nog van die grondmengsel in en herhaal die proses totdat die plantgat dieselfde diepte is as die sak waarin die boom gekom het. Strooi 'n koppie Wonder Beenmeel oor die grond en plaas jou boom

bo-op die grondmengsel.

Vul die res van die gat halfpad met die grondmengsel en maak deeglik nat voordat jy die ander helfte ingooi om lugholtes te verhoed. Druk die grond stewig vas en maak die boom aan 'n stut vas om seker te maak hy word nie versteur in hierdie belangrike stadium nie.

Gebruik verkieslik 'n ou sykos om die boom vas te maak. Maak jou nuutgeplante boom een maal per week deeglik nat en bemes met Wonder 2:3:2 of Neutrog Bounce Back een maal per maand vir die volgende ses maande.

'n Paar van my gunsteling:

■ *Acacia xanthophloea* (koorsboom). Gewilde bladwisselende doringboom. Vinnig groeiend met 'n geelgroen stam. Klein ronde geel blommetjies vroeg in die somer. Penwortel.

■ *Harpephyllum caffrum* (wildepruim). Skaduboom met donkergroen blare en wit blomme in die somer, gevolg deur eetbare rooi bessies. Immergroen. Penwortel.

■ *Ptaeroxylon obliquum* (nieshout). Ideale boom vir 'n klein tuin. Immergroen en rybestand. Wit tot liggeel soet, geurige blommetjies.

■ *Syzygium cordatum* (waterbessie). Immergroen boom wat lekker windbestand is. Blougroen loof met bruinrooi nuwe lote.

Augustus is boomplantmaand. Die boom van die jaar is die bogenoemde *Harpephyllum caffrum* (wildepruim).

Lekker tuinmaak en groen groete tot volgende week.

● Plante en produkte is beskikbaar by die Garden Emporium in Builders Warehouse.

Vir meer inligting, bel Lara by ☎ 041 367 4477.

Wen 'n oormoaksessie van Chata Romano

LOANDA BLEWETT, met die samewerking van Crimpers Hair Salon, gee een *Leefstyl*-leser die kans om 'n fantastiese oormoaksessie te wen.

Dit sluit in:

■ 'n oormoaksessie (ter waarde van R3 500) deur Blewett wat 'n kleurwiel en 'n boek geskryf deur Chata Romano insluit;

■ 'n twee uur lange sessie by die wenner se huis om figuurontleding te doen en die klerekas te bespreek;

■ 'n byderwetse nuwe haarstyl deur Crimpers; en

■ 'n geskenk van Clarins vol skoonheidsprodukte.

Al wat jy moet doen om in te skryf, is om 'n foto van jouself saam met 'n verduideliking van hoekom jy dink jy 'n oormoaksessie verdien, na leefstiloos@dieburger.com te stuur.

Pos dit andersins na *Leefstyl*-oormoaksessie, Posbus 525, Port Elizabeth 6000.

Die sluitingsdatum vir die kompetisie is 30 Junie, waarna die redakteur van *Leefstyl* en Blewett die wenner sal kies.

Die wenners sal telefonies gekontak word en moet bereid wees om hul foto te laat neem vir plasing in *Leefstyl*.

Inskrywings sonder 'n foto en motiveringsbrief kan nie aanvaar word nie.

Ula Ferguson het 'n oormoaksessie van Loanda Blewett, 'n senior voorkomskonsultant van Chata Romano, gehad. Hier is hoe Ferguson voor die oormoaksessie gelyk het.

Foto: VERSKAF



Ferguson ná haar oormoaksessie. Foto: DEON FERREIRA

Vir motor-,
huisinhoud- en
besigheidsversekering,
skakel ons DIREK.

OUT
SURANCE

0 8 6 0 0 6 0 0 0 0

WAAR JY ALTYD IETS UITKRY



Brand Activation © 1/56583/A Koel

Blikkies word vinnig koud
en bly koel vir langer.